**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

April 2026

Geagte Ouer/Voog

**SAGTEBAL: PROEWE EN OEFENKAMP**
Ons sien daarna uit om vanjaar weer 'n suksesvolle sagtebalseisoen te hê en wil graag belangrike inligting met u deel rakende die proewe en kampe vir die nuwe seisoen. Die toere vir die onderskeie spanne is verpligtend en ŉ belangrike deel van die spanne se ontwikkeling en voorbereiding vir die komende seisoen.

**Proewe**
Die sagtebalproewe vir alle belangstellende leerders sal op Saterdag, 30 Mei 2026 plaasvind.

**Toer: A-spanne**
Alle leerders wat gekies word vir ‘n A-span, moet die toer bywoon.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 16 Julie tot 19 Julie |
| Koste | : | R3 200.00 per leerder *(Betaalbaar teen 30 Junie)* |
| Plek | : | Zwartkloof Adventures (Battle 4 The Bases) |

**Toer: B-spanne**
Alle leerders wat gekies word vir ‘n B-span, moet die toer bywoon.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 26 Junie tot 28 Junie |
| Koste | : | R3 000.00 per leerder *(Betaalbaar teen 15 Junie)* |
| Plek | : | Sediba Kwele (Softball Fanatics) |

**Betaling**
U kan reeds begin om aan die toere te betaal. Indien u dogter nie span maak nie, sal ons die gelde herallokeer na die skoolfonds. Indien moontlik wil ons graag versoek dat u reeds die eerste betalings maak vir die toer teen einde Mei. Vir finansiële reëlings en vrae stuur asseblief ŉ e-pos na me. A. Jacobs (finansies@oos-moot.co.za). ŉ Reëling moet met die finansiële kantoor getref word, sodat u oor die volgende maande die bedrag in paaiemente kan vereffen.

**Bankbesonderhede**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | Hoërskool Oos-Moot |
| Bank | : | First National Bank (FNB) |
| Rekeningnommer | : | 63124628041 |
| Takkode | : | 210835 |
| Verwysing met betaling | : | **PR507** + Naam & Van (Bv. ***PR507*** + *SusanBotha*) |

**Belangrik**
Alle leerders wat aan die sagtebalproewe wil deelneem, ongeag of hulle vir ‘n span gekies gaan word of nie, moet ‘n vrywaringsvorm/toestemmingsvorm voltooi en indien.
Die volgende dokumente moet saam met die vrywaringsvorm ingedien word:

- Afskrif van die leerder se geboortesertifikaat.
- Afskrif van beide/een van die ouers/voogde se ID dokumente.
- Afskrif van die mediesefondskaart.

Alle vorms en dokumentasie moet asseblief teen 29 Mei by me T Ferreira ingehandig word.

’n Skeurstrokie met verdere besonderhede in verband met die toere sal aan die gekose spanne uitgedeel word na die aankondiging.

Ons waardeer u samewerking en sien uit na ‘n sportiewe en opwindende sagtebalseisoen!

Oos-Moot groete

| | | |
|---|---|---|
| ME S THERON | MNR B PRETORIUS | ME T FERREIRA |
| HOOF | SPORTHOOF | ORGANISEERDER |